

DIE ROL VAN SENDELINGE, DIE OWERHEID EN EKONOMIESE FAKTORE IN DIE ONTSTAAN VAN KURUMAN, 1886-1913

P.H.R. Snyman

Instituut vir Geskiedenisnavorsing
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing


Besonderhede oor hoe 'n dorp tot stand gekom het, kan gewoonlik maklik by plaaslike owerhede of in geleentheidspublikasies gevind word. Hoewel gegewens soos die opmeet van erwe, proklamasiedatum van grense en die instelling van plaaslike bestuur meestal korrek is, kan dit die indruk laat van 'n blote skepping van ordelike samelewingsstrukture binne 'n plaaslike gebied asof dit op eenvormige wyse in Suid-Afrika tot stand gekom het. Tog is min temas in Suid-Afrikaanse plaaslike en streekgeskiedenis van 'n meer uiteenlopende en omstrede aard as dié van dorpstigting, omdat diepliggende verskille op provinsiale, streek- en selfs distrikvlak inderdaad aanwesig is. Plaaslike owerhede aanvaar die datum van dorpstigting op grond van of wetenskaplike navorsing of oorlewering en is soms totaal onkundig daaroor. Daar bestaan nietemin geen eenvormige opvatting oor dorpstigting in Suid-Afrika nie — 'n probleem waarmee plaaslike en streekhistorici ook dikwels worstel.

Ten opsigte van die voormalige Boererepubliek, Oranje-Vrystaat, word stigting aanvaar as dié datum waarop 'n dorp formeel deur die owerheid erken is, 'n voorgestelde dorp deur die owerheid goedgekeur is, of wanneer 'n kerksentrum aangelê is.¹ Dieselfde riglyne het vir die toenmalige Zuid-Afrikaansche Republiek gegeld, hoewel Changuiou beweer dat die oprigting van 'n landdroskantoor op 'n plek beskou is as die amptelike begin van 'n dorp.² Talle dorpe het egter nie landdroskantore gehad nie. Voorts kom uitsonderings landwyd voor — onder meer in die geval van Klerksdorp en Potchefstroom wat uit die Voortrekkertydperk dateer en waar nog onsekerheid oor die stigtingsdatums bestaan.³

Dorpstigting in die veel ouer Kaapkolonie word eweneens aan die hand van verskillende kriteria aanvaar: Kaapstad en Stellenbosch verbind hulle stigtings onderskeidelik aan die volksplanting in die Tafelvallei (1652) en dié langs die Eersterivier (1679); dorpe soos Graaff-Reinet, Cradock en Somerset-Oos het die vestiging van magistraatsetels as oorsprong, terwyl die stigting van dorpe in die Oos-Kaapse Middelland tussen 1852 en 1880 teruggevoer kan word na die datum waarop die eerste verkoop van dorpsgrond plaasgevind het.⁴ Dorpstigting in talle streke van die uitgestrekte Kaaprovincie moet nog ondersoek word.

In Kaapland noord van die Oranjerivier (voorheen die Britse kroonkolonies Griekwaland-Wes en Brits-Betsjoealand) het die stigting van dorpe saam met die ontdekking van diamante (1867-1870) begin. 'n Opvatting in Suid-Afrika is dat dorpstigting slegs met die totstandkoming van Blanke woonplekke te doen het, terwyl dit buite rekening gelaat word dat talle dorpe egter lank reeds nedersettings van ander bevolkingsgroepes was. Dit geld veral vir die Noord-Kaaplandse distrikte Hay, Postmasburg en Kuruman. Die dorpe Griekwastad en Niekerkshoop was vroeër Griekwanedestings; Kuruman, Olifantshoek, Deben en Kathu is eers deur die Tswana bewoon, terwyl Postmasburg en Danielskuil woonplekke vir beide groepe was. Slegs die plek waar die Blanke gehuggie Vanzylsrus tot stand gekom het, het sover bekend vroeër nie ander bewoners gehad nie.⁵

Volgens tabel A blyk dit dat sewe dorpe in die distrikte Hay, Postmasburg en Kuruman tussen 1881 en 1917 tot stand gekom het.⁶ Hiervan koppel ses hulle stigting aan die datum waarop die eerste plaaslike bestuur ingestel is. Slegs in die geval van Kuruman word die datum waarop die magistraatsetel gevestig en die eerste erwe opgemeet is (1887), as stigtingsdatum beskou (plaaslike bestuur is eers in 1913 ingestel). Dit is dus opvallend dat daar, met die uitsondering van een dorp, ooreenstemming is oor wat as die stigtingsdatum van dorpe beskou moet word. Die rede daarvoor kan moontlik wees dat die enigste regulasies rakende dorpstig-



¹ Vergelyk J.C. MOLL, *Dorpstigting in die Oranje-Vrystaat: 1854-1864*, *Contree* 2, Julie 1977, pp. 23-28; C.C. ELOFF, *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning* (Pretoria, 1980), pp. 43-56.

² L. CHANGUIOU, *Pietersburg: die eerste eeu 1886-1986* (Pretoria, 1986), p. 35.

³ Kyk R. MARX, *Wanneer is Klerksdorp gestig?*, *Overvaal Museanuus* 11(4), Desember 1984, pp. 12-13; G.N. VAN DEN BERGH, Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?, *Contree* 18, Julie 1985, pp. 5-9.

⁴ Vergelyk D.W. MYBURGH, *The origin of towns in the Eastern Cape Midlands*, *Contree* 4, Julie 1978, pp. 25-29.

⁵ Vir besonderhede oor die woonplekke van die Griekwa en Tswana in Noord-Kaapland, kyk onder meer B.F. VAN VREEDEN, *Die oorsprong en geskiedenis van plekname in Noord-Kaapland en die aangrensende gebiede* (D.Phil., UW, 1961), pp. 1-9; P.L. BREUTZ, *The tribes of the districts of Kuruman and Postmasburg* (Pretoria, 1963), pp. 17-39.

⁶ Al ander dorpe in hierdie distrikte is Vanzylsrus wat in 1929 deur die Ned. Geref. Kerk as skool- en kerksentrum gestig is en die myndorp Lime Acres, Sishen en Kathu wat van 1953 en 1974 af ontwikkel is. In 1979 is die munisipaliteit van Sishen-Kathu gestig maar nadat Sishen as Blanke dorp ontruim is, staan dit sedert 1986 as die munisipaliteit van Kathu bekend. Kyk A.P. SMIT, *Wateroog in die Dorsland: Ned. Geref. Kerk Kuruman 1916-1966* (Kuruman, 1966), pp. 69, 76-77 en 92-93; (brochure) *Munisipaliteit Sishen-Kathu, Noordkaap* (Kimberley, s.j.). Talle ander klein myndorpies is ook oor 'n tydperk van 60 jaar in Noord-Kaapland gestig, maar dit staan onder private beheer van die betrokke mynmaatskappye.

ting wat van owerheidsweë neergelê is, met die instelling van bestuur te doen het. In dié verband het die regering in 1881 die Wet op Dorpsbesture (Wet 29 van 1881) aange- neem om voorsiening te maak vir die bestuur van kleiner dorpe wat nie tot munisipaliteit verklaar is nie. Proklamasies kragtens hierdie wet het dorpsbestuursrade daargestel, terwyl dorpsgrense ook bepaal is.⁷

Al die Noord-Kaaplandse dorpe wat hulle stigting na die instelling van plaaslike bestuur terugvoer, het bestuurslig- game en grense ingevolge hierdie wet gekry. Stigting word dus aan owerheidsbetrokkenheid gekoppel — iets wat maklik verklaar kan word as in aanmerking geneem word dat alle onbesette grond in die twee voormalige kroonkolonies tot kroongrond verklaar is.

TABEL A

DATUMS VAN DORPSTIGTING IN DIE DISTRIKTE HAY,
POSTMASBURG EN KURUMAN

Dorp	Stigtings- datum soos deur huidige inwoners aanvaar	Uitmeet van eerste dorps- erwe	Eerste openbare verkoping van erwe	Toeken- ning van eerste eiendoms- reg ⁸	Instelling van plaas- like bestuur
Griekwastad	1881	1879	1880	1880	1881
Kuruman	1887	1887	1893	1888	1913
Danielskuil	1892	1883	1884	1885	1892
Postmasburg	1893 ⁹	1891 ¹⁰	1892	1892	1893
Nickerkshoop	1903	1899	1899	1901	1903
Deben ¹¹	1914	1914	1914	1914	1914
Olifantshoek	1917 ¹²	1911	1912	1913	1917

Die vraag ontstaan waarom Kuruman, wat as dorp reeds in 1886 in beginsel deur die regering goedgekeur is, oor 'n tydperk van byna 30 jaar so min voortuitgegaan het dat plaaslike bestuur nie soos aan al die buurdorpe toegeken kon word nie. In hierdie artikel word aangevoer dat die handelswyse van sendelinge en die owerheid asook ekonomiese faktore gesamentlik daartoe bygedra het.

ONTSTAAN VAN KURUMAN AS BLANKE DORP

Met die anneksasie van die Tswanagebied op 30 September 1885 het die kroonkolonie Brits-Betsjoeanaland tussen die Moloporivier en Griekwaland-Wes tot stand gekom. 'n Grondkommissie van drie lede is aangestel om alle sake

rakende grond in die nuwe kroonkolonie te ondersoek. Ten opsigte van Kuruman het die kommissie in 1886 soos volg berig:

With the development of the resources of British Bechuanaland and the increasing requirements of the population, the necessity for a commercial centre in the south-western portion of the country is likely to become apparent. We are of opinion that

⁷ *Statutes of the Cape of Good Hope passed by the Sixth Parliament during the sessions 1879-1883* (Kaapstad, 1884), pp. 342-348.

⁸ Toekennung van eiendomsreg moet hier beskou word as die oordrag van erwe wat op die eerste openbare erfverkoping op 'n dorp verkoop is. In die geval van Griekwastad (1879), Danielskuil (1885) en Postmasburg (1886) is landbou-erwe reeds vroeër deur die Griekwaland-Wes Grondkommissie aan Griekwas toegeken. Vir meer besonderhede kyk Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB), Argief van die Landmeter-generaal van Griekwaland-Wes (SGGIW) 59-60 Warren Land Commission: Reports on land claims, 1877-1878.

⁹ Hoewel die stigtingsdatum van Postmasburg eers as 1892 (toe die naam Postmasburg aan die nedersetting gegee is) aanvaar is, word 1893 nou deur die plaaslike owerheid aanvaar. Vergelyk brosjure *Postmasburg: ryklik bedeeld* (s.p., s.j.).

¹⁰ Landbou-erwe in die Blinklipvallei by Postmasburg is reeds in 1881 opgemee, maar dit is (afgesien van vier wat in 1886 aan Griekwas toegeken is) eers in 1892 saam met die sogenaarde "droë-erwe" te koop aangebied. Kyk P.H.R. SNYMAN, *Postmasburg: 'n geskiedkundige oorsig tot 1982* (Pretoria, 1983), pp. 5-10.


¹¹ Hoewel 'n plaaslike bestuursgebied in 1914 op Deben gestig is, het dit tot 1951 in private besit gebly — eers as eiendom van D.J. Theron wat erwe laat opmeet en verkoop het, en later as kerkdorp onder beheer van die Ned. Geref. Kerk. Kyk J.J.D. VAN ZYL, *'n Halsfeu van Gods genade: Deben 1909-1959* (Bloemfontein, 1959), pp. 23-24, 28 en 37.

¹² Vroeër is geglo dat Olifantshoek omstreeks 1910-1911 gestig is; onlangse navorsing dui egter daarop dat die stigtingsdatum 1917 is. Vergelyk P.H.R. SNYMAN, *Olifantshoek — oase van die Langberg* (Pretoria, 1986), pp. 22-23.



Die eerste regeringsgebou wat in 1888 op Kuruman opgerig is. Onder is die oorspronklike plan en bo die gebou na voltooiing. Die residentmagistraat se kantoor was in die linkervleuel, die hofsaal in die middel, die poskantoor regs en ander vertrekke soos selle en 'n siekeboeg aan die agterkant.

FOTO: MOFFAT SENDING, KURUMAN; PLAN: KAB.BCC 77



the most advantageous site for such a centre is to be found in the neighbourhood of Kuruman, and we recommend that a township should be laid out near the Kuruman fountain, and on the western side of the valley.¹³

Die plek vir die voorgestelde dorp is in dieselfde jaar deur grondkommissaris Julian Leverson naby die Oog aangewys en die stigting van 'n dorp by Kuruman is in November 1886 deur die Britse minister van Kolonies goedgekeur. Vervolgens is 100 erwe in 1887 deur landmeter A.E. Murray by Kuruman opgemeeet.¹⁴ Hoewel twee erwe onderskeidelik in 1888 en 1891 toegeken is, is die eerste openbare veiling eers in 1893 gehou waartydens slegs agt erwe verkoop is. Kuruman het

Kragtens proklamasie 39 BB van 8 September 1887 het die magistraatsdistrik en hof van die resident-magistraat van Kuruman tot stand gekom.

FOTO: uit *British Bechuanaland Proclamations... 1885-1889* (Vryburg, 1890)

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE SIR HERCULES GEORGE ROBERT ROBINSON,

A Member of Her Majesty's Most Honourable Privy Council, Knight Grand Cross of the Most Distinguished Order of Saint Michael and Saint George, Governor and Commander-in-Chief of Her Majesty's Colony of the Cape of Good Hope in South Africa, and of the Territories and Dependencies thereof. Governor of the Territory of British Bechuanaland, and Her Majesty's High Commissioner for South Africa, &c., &c., &c.

WHEREAS, in Section 2 of the Laws and Regulations for the Government of British Bechuanaland, it is provided that in addition to the Courts of Resident Magistrate erected, constituted and established for and within each of the districts therein specified, it shall be lawful for the Governor of the said territory, by any proclamation to be by him from time to time issued for that purpose, to erect, constitute, and establish Courts of Resident Magistrate, to be held for and within such other districts respectively as the said Governor shall think fit to create, which Courts shall respectively be held before such persons as shall respectively be appointed to be Resident Magistrates of such districts; and whereas, in Section 3 of the said Laws and Regulations, it is provided that it shall also be lawful for the said Governor, by Proclamation, to define, fix, alter, and appoint the local limits of the territory which shall be comprehended and included in any of the aforesaid districts, whether those already created, or such as shall hereafter be created, and within which the Resident Magistrate for such district shall have and exercise jurisdiction and authority; and whereas it is expedient to erect, constitute and establish a Court of Resident Magistrate to be held for and within the district of Kuruman, by and before the Resident Magistrate of the said district, and also to define, fix, and appoint the local limits of the said district within which such Resident Magistrate shall have and exercise jurisdiction and authority, and further to provide that so much of the district assigned for the exercise of the jurisdiction of the said Court of Resident Magistrate for the district of Kuruman, as was heretofore either wholly or in part within the jurisdiction of the Court of Resident Magistrate of Taungs, shall henceforth wholly cease to be within, or subject to, the jurisdiction of the said Court of Resident Magistrate of Taungs; and whereas it is also expedient to define, fix, and appoint with greater precision the local limits of the territory which shall be comprehended and included in each of the districts within which the Resident Magistrate for such district shall have and exercise jurisdiction and authority:

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:

1. Proclamation No. 3 B.B., and so much of any other Proclamation and legislative enactment whatsoever as may be repugnant to or inconsistent with any of the provisions of this Proclamation, are hereby repealed.

2. A Court of Resident Magistrate shall be and the same is hereby declared to be erected, constituted and established for and within the district of Kuruman, in the territory of British Bechuanaland; and the said Court shall be held by and before the Resident Magistrate for the district aforesaid, and so much of the said district of Kuruman as was heretofore within the jurisdiction of the Court of Resident Magistrate of Taungs, shall henceforth wholly cease to be within or subject to the jurisdiction of the said Court of Resident Magistrate of Taungs.

GOD SAVE THE QUEEN!

Given under my Hand and Seal, this eighth day of September 1887.

HERCULES ROBINSON,
Governor of British Bechuanaland.

By command of His Excellency the Governor of British Bechuanaland,

GRAHAM BOWER,
Imperial Secretary.

No. 39, B.B., 1887.

aanvanklik in die distrik Taung gevval, maar in 1887 het die regering ter wille van beter orde en administrasie die distrik Kuruman in die lewe geroep (vergelyk illustrasie). 'n Resident-magistraat, Frank Streatfeild, is aangestel en gedurende 1888 is openbare geboue, bestaande uit kantore, 'n hofsaal, selle, 'n poskantoor en 'n siekeboeg, opgerig. Ander ampte wat ingestel is, het ingesluit 'n tolk, tronkbewaarder, skutmeester, bode van die hof, klerk en hoofkonstabel. Laagnoemde, in die persoon van skutter Howland van die Betsjoeanalandse Grenpolisie, was verantwoordelik vir die goeie orde in die te stigte dorp.¹⁵

Afgesien van hierdie staatsamptenare en polisie het die bevolking van Kuruman uit 'n paar sendelinge en enkele handelaars bestaan. Tien jaar later (1898) was daar steeds slegs 50 Blankes (onder wie 30 polisiemanne). Pogings van resident-magistraat C.H. Hilliard om in 1897 'n dorpsbestuursraad in te stel, het misluk omdat drie geskikte persone om as raadslede te dien nie gevind kon word nie. Om vir die behoorlike registrasie van geboortes en sterftes voorsiening te maak, is Kuruman wel in 1898 tot 'n stedelike gebied verklaar. Dit het ingesluit die hele Kuruman-kroonreservaat wat later ook die dorpsbestuursgebied sou word.¹⁶ Vestiging van boere het na die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) toegeneem en die eerste stap om die distrikself-administrasie te verbeter, was die instelling van die afdelingsraad van Kuruman in 1907. Danksy vooruitgang op landbou-en mynbougebied het die dorpie mettertyd gegroeï sodat 'n dorpsbestuursraad uiteindelik in 1913 ingestel is; munisipale status het slegs drie jaar later gevolg. Die oorsprong van Kuruman se naam kon nog nie met sekerheid vasgestel word nie — die verklaring dat die plek na 'n Sanleier, Kudumane, vernoem is, kan moontlik as die juiste aanvaar word.¹⁷

TRAIE GROEI, 1886-1902

Kuruman en die sendelinge

Weens die aanwesigheid van die suidelike Tswana rondom Kuruman is die belangrikheid van die gebied as sendingveld reeds teen 1800 besef. Die eerste sendingaksie — deur die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap — onder die Tlhaping tussen 1801 en 1806 het egter misluk. Die eerste twee sendelinge was onopgelei, geheel en al op hulleself aangewese, het onderling gebots en hulle geestelike pligte ten behoeve van die handel verwaarloos. Bowendien het die Tlhaping

¹³ KAB, Argief van die Brits-Betsjoeanalandse Grondkommissie (BBC) 40: Verslag deur Grondkommissie, Mafeking, 29.5.1886; C.4889-1886 *British Bechuanaland. Report of the Commissioners appointed to determine land claims and to effect a land settlement in British Bechuanaland* (Londen, 1886), p. 10 (C. = British Parliamentary Papers).

¹⁴ C. 4456-1887 *Further correspondence respecting the affairs of Bechuanaland and adjacent territories, Feb. 1887* (Londen, 1887), p. 119; C. 5363-1888 *Further correspondence respecting the affairs of Bechuanaland and adjacent territories, April 1888* (Londen, 1888), pp. 7 en 18.

¹⁵ KAB, Argief van die Brits-Betsjoeanalandse Kroonkolonie-regering (BCC) 50 Inkomenkorrespondensie, Kuruman: H.G. Brown — Resident-magistraat, 27.3.1888; BCC 77 Inkomenkorrespondensie, Diverse: Distrikspresident — Sekretaris van die Administrateur, 27.8.1887; Argief van die Resident-magistraat van Kuruman (1/KMN) 10/17 Briefeboek: Resident-magistraat — Sekretaris van die Administrateur, 14.9.1887; *British Bechuanaland proclamations and the more important of the notices 1885-1889* (Vryburg, 1890), pp. 108-109.

¹⁶ KAB, 1/KMN 10/2 Briefeboek: Resident-magistraat — Onderkoloniale Sekretaris, 5.4.1898; *The Bechuanaland News*, 16.4.1898.

¹⁷ Landdrokantoor Kuruman, Distrikrekordboek, p. 167; *The Province of the Cape of Good Hope Official Gazette*, 11.7.1913, p. 39, en 21.4.1916, p. 502; SMIT, *op cit.*, pp. 16-17.

hulle tradisionele godsdiens bo die Christelike geloof verskies.¹⁸ In 1816 is die sendingwerk van die Londense Sendinggenootskap (LSG) gevestig. Die befaamde sendeling, Robert Moffat, het in 1821 aangekom en sou vir die volgende 50 jaar sinoniem met Kuruman word. In 1824 het hy en Robert Hamilton die sendingstasie van Maruping na die teenswoordige plek by Seodin aan die Kurumanrivier verskuif en die terrein (ongeveer 215 hektaar) in dieselfde jaar van die Thapingopperhoof Mothibi vir agtien kilogram krale (ter waarde van sowat £5) gekoop. Water vir besproeiing is spoedig met kanale uit die Kuruman-Oog geleei en geboue is opgerig. Op dié wyse het die LSG reeds vroeg sy regte in die Tswanagebied gevestig.¹⁹



Robert Moffat (1795-1883) en sy vrou Mary (1795-1871) wat byna 50 jaar (1821-1870) onder die Tswana gearbei het.

FOTO'S: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK (M264)



Gebeure op politieke en militêre gebied voortspruitend uit die *disaqane* en Bergenaarroorloë, asook droogtes en veesiektes het die aanvanklike sendingwerk van die LSG laat misluk. Die Thaping is daardeer opgesplits en die meeste het die Kurumangebied verlaat. Dit was die sendingwerk onder die agterblywende splintergroepe (wat Thaping, Tlharo, Tshwene en Kgalagadi ingesluit het) wat die Kurumanse sendingstasie wêreldberoemd gemaak het. Om individualisme te bevorder en die tradisionele stamstruktuur te vernietig, is die Tswana oorreid om nomadisme te laat daar en besproeiingslandbou te beoefen. Die eerste vrug op die sendingarbeid was toe ses bekeerlinge in 1829 gedoopt is; tot 1850 is sowat 560 op Kuruman gedoopt. Onder leiding van Moffat en sy medesendelinge soos William Ashton, Rogers Edwards, David Livingstone en John Mackenzie is onderwys gevestig, die bekende Moffatkerk is in 1838 voltooi

en bowenal is die Bybel op Kuruman deur Moffat en Ashton in Setswana vertaal. In 1834 het daar reeds 727 Tswana onder invloed van die LSG op Kuruman gebly.²⁰

Die sendingstasie by Kuruman was lank die afspringplek na die binneland — nie alleen vir sendingwerk nie, maar ook vir reisigers, jagters en handelaars. Deur die sogenaamde *Missionary Road* is die evangelie van Kuruman af oor die hele Betsjoeanaland en tot in die huidige Botswana en Zimbabwe versprei. Dat Kuruman deur die LSG as moontlik die belangrikste sendingstasie beskou is, word weerspieël in die feit dat die Moffat Instituut (waar evangeliste opgeleid is) in 1876 op Kuruman gevestig is. Na Moffat se afdrede in 1870 is £10 000 vir dié doel in Brittanje ingesamel.²¹

Deur die invloed van die ontdekking van diamante en later die 1878-rebellie is die vertroue en noue band tussen die Tswana en die LSG-sendelinge geskaad. Gevolglik het hulle politieke en godsdienstige invloed gekwyn. Die nuwe trekarbeidstelsel het migrasie teweeggebring, die LSG was teen deelname aan die rebellie gekant, terwyl 'n sendeling soos John Mackenzie imperiale beheer oor Betsjoeanaland en die vernietiging van stamstrukture soos die kapteins se gesag voorgestaan het. Toe die spoorlyn na die Diamantvelde (1885) en Vryburg (1890) oopgestel is, het die verkeerswaerpunt ooswaarts verskuif sodat Kuruman sy strategiese belangrikheid verloor het.²²

Sendelinge met imperialistiese ideale, soos John Mackenzie, het wel Britse anneksasie van Betsjoeanaland gesteun. Tog was die LSG nie bereid om hulle regte op Kuruman ná 'n sendingtradisie van 60 jaar prys te gee nie, al was die toekoms van Kuruman as sendingstasie nie meer so rooskleurig nie. Die grond van die sendingstasie is gevoldig na an-

¹⁸ Kyk veral J.T. DU BRUYN, Die Thaping en die eerste sendelinge, 1801-1806, *Suid-Afrikaanse historiese joernaal* 14, November 1982, pp. 8-34.

¹⁹ I. SCHAPERA (red.), *Apprenticeship at Kuruman, being the journals and letters of Robert and Mary Moffat, 1820-1828* (Londen, 1951), pp. xvi, 107, 113 en 189; R. LOVETT, *The history of the London Missionary Society 1795-1895, I* (Londen, 1899), pp. 538-587.

²⁰ Moffat Sending Kuruman, Church record book: Doopregister, 1829-1850; J.S. MOFFAT, *The lives of Mary and Robert Moffat* (Londen, 1885), p. 139 e.v.; C. NORTHCOTT, *Robert Moffat: pioneer in Africa, 1817-1870* (Londen, 1961), pp. 111-149 en 244.


²¹ C.S. HORNE, *The story of the London Missionary Society* (Londen, 1904), pp. 235-258.

²² R.U. MOFFAT, *John Smith Moffat, missionary : a memoir* (Londen, 1921), pp. 135-137; E.W. SMITH, *Great lion of Bechuanaland: the life and times of Roger Price, missionary* (Londen, 1957), pp. 257, 260 en 308; A. SILLERY, *John Mackenzie of Bechuanaland, 1835-1899: a study in humanitarian imperialism* (Kaapstad, 1971), pp. 141-142.



Geboue van die Moffat Instituut op Kuruman — opgerig in 1876.

FOTO: CAPE TIMES WEEKLY, 1897



Robert Moffat verkondig die Evangelie aan die Tswana.

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAAARPLEK (M 265)

neksasie deur die Brits-Betsjoeanalandse Grondkommissie in 1886 op enkele voorwaardes aan die LSG toegeken. Ten spyte daarvan dat die voorgestelde dorp so ver as moontlik van die sendingstasie sou wees, was die sendelinge teen die plan gekant omdat dit die sendingstasie en Tswanaland-bouers se watervoorraad uit die Oog sou bedreig. Gevolglik het die LSG ook aanspraak op Gasegonyane (die Oog en omliggende terrein) gemaak. Die kommisie het egter dié eis verwerp en grond by Gasegonyane toegeken aan die erfgenaam van Joseph Arend, 'n wegloperslaaf wat lank daar gewoon het. Die owerheid het beheer oor die water gehad, maar dit was ondergeskik aan die regte van die LSG.²³

Dit het beteken dat toestemming eers van die sendelinge verkry moes word voordat water — onder meer vir 'n dorpswaterskema — uit die Oog gelei kon word. Dit het voornameerde erfkopers afgeskrik. Die LSG het spoedig onder leiding van die sendelinge Roger Price en J. Tom Brown die sendingstasie omhein, die besproeibare grond in hoewes verdeel en aan die Tswana verhuur. Teen 1894 het dit 'n jaarlike inkomste van byna £100 vir die LSG beteken. 'n Verdere £70 per jaar is uit die verhuring van geboue op die sendingstasie gemaak omdat dit die enigste akkommodasie op Kuruman was.²⁴




Twee van die LSG-sendelinge wat lank aan die sendingstasie op Kuruman verbond was: William Ashton (links), 1843-1864 en 1871-1876, en Roger Price (regs), 1885-1900.

FOTO'S: MOFFAT SENDING, KURUMAN

Die sendelinge wou so min as moontlik by die staatsteenwoerdigheid soos die magistratuur op Kuruman betrokke wees. So moes die eerste resident-magistraat, Frank Streatfeild, aanvanklik in 'n pondok bly omdat die sendelinge nie 'n huis aan hom wou verhuur nie. Verder het hulle ten sterke teen die toekenning van 'n dranklisensie op Kuruman beswaar gemaak, ten spyte van die verbod op drankverkope aan Swartes in Brits-Betsjoeanaland. H.G. Brown se aansoek in dié verband is derhalwe afgekeur. Dit het die ontwikkeling van die dorp nadelig geraak omdat 'n hotel op 'n onherbergsame en afgeleë plekkie soos Kuruman uiteraard saaklik

was. Die afwesigheid van 'n hotel het reisigers en handelaars die plek doelbewus laat vermy.²⁵

Die besware van die sendelinge (op grond van die skenning van die LSG se waterregte) teen die verkoop van die ewe op Kuruman het soveel gewig by die regering gedra dat dit eers ses jaar na opmeting op 'n openbare veiling aangebied is. Privaat ondernemerskap is daardeur aan bande gelê en die handelsbelange van die Chapmans en Willmores, wat toe reeds 'n verbintenis van byna 50 jaar met die LSG gehad het, is op dié manier beskerm. In 1893 het Roger Price selfs LSG-grond vir handelsdoeleindes aangebied. Danksy druk deur die plaaslike inwoners en die Vryburgse koerant, *The Bechuanaland News*, is die ewe uiteindelik in Desember 1893 te koop aangebied; slegs agt uit die sowat 90 is egter verkoop. Die belangrikste rede was dat die LSG se waterregte steeds beskerm is en kopers dus nie kon bespoe nie.²⁶



'n Tswana-buwelikseremonie by die Moffatkerk.

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAAARPLEK (AG 11716)

Teen 1894 was daar steeds geen vooruitgang in Kuruman nie. Boonop het die enigste losieshuis wat 'n jaar vroeër deur mev. E. de Kock begin is, weens swaar reën inmekaaargetuijn en besoekers was weer soos in die verlede vir verblyf op die inwoners se gasvryheid aangewese. Uiteindelik het plaaslike petisies swaarder as die sendelinge se besware geweeg en is 'n dranklisensie aan die einde van 1894 aan H.G. Brown toegeken.²⁷ Dit moet gesien word teen die agtergrond van die afname in die belangrikheid van die Kuruman-sendingstasie. Die inkomste uit die huur van grond en geboue is aangewend om die hoë koste van die Moffat Instituut te finansier. Teen 1895 was die inkomste per jaar slegs £284/14/1 teenoor die uitgawes van £480. Verder is teleurstellend min evangeliste opgelei — slegs 41 in 20 jaar. In 1895 moes die LSG noodgedwonge die salaris van evangeliste met £4 tot £20 per jaar verlaag. Twee jaar later was die fondse totaal uitgeput en het die distrikskomitee van die LSG besluit om die Moffat Instituut en sendingpers te sluit, die geboue en die grootste gedeelte van die sendingstasie se grond te ver-

²³ C.4889-1886, pp. 53-54.

²⁴ Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), Mikrofilmversameling, Argief van die Londense Sendinggenootskap (LSG) M1163 Bechuanaland letters, Box 52, Folder 1, Jacket A (52/1/A) : Roger Price, Kuruman, 31.1.1895.

²⁵ KAB, 1/KMN 10/17 : Resident-magistraat — Sekretaris van die Administrateur, 22.8.1888 en 10.12.1888; F.N. STREATFIELD. *Sporting recollections of an old 'un* (Londen, 1913), pp. 165-166.

²⁶ KAB, 1/KMN 10/19 Brieboek : Siviele Kommissaris — Landmeter-generaal, 1 en 27.12.1893; *The Bechuanaland News*, 12.8.1893, 16.9.1893, 25.11.1893, 9.12.1893 en 23.12.1893.

²⁷ KAB, Argief van die Prokureur-generaal (AG) 629 Inkommende stukke, Kuruman : J. Tom Brown — Resident-magistraat, 7.12.1898, en Resident-magistraat - Sekretaris van die Regsdepartement, 10.12.1898; *The Bechuanaland News*, 3.3.1894, 1.12.1894 en 7.8.1897.

koop en slegs 'n gedeelte rondom die historiese Moffatkerk uit te hou. Daardeur sou die LSG se waterregte verval. Hoewel die verkoop van die sendingeiendom eers later gefinaliseer is, het die vraag na etwe onmiddellik verbeter en 'n verdere 25 is reeds tussen 1899 en 1901 verkoop. 'n Opleidingsentrum vir Swart evangeliste is later geopen by Tiekloof naby Vryburg wat nader aan die groot sentra en hoofverkeersroetes was.²⁸

Rol van die owerheid

Dit is bekend dat die kroonkolonie-administrasie van Brits-Betsjoeanaland (1885-1895) nie besonder effekief was nie. Die uitvoerende gesag was onderhewig aan sanksionering deur die imperiale regering terwyl Brits-Betsjoeanaland soos talle ander Britse kroonkolonies finansieel sleg daaraan toe was. Kostbesparing was waarskynlik 'n belangrike oorweging toe die hele suidweste van Betsjoeanaland aanvanklik in 1885 by die distrik Taung ingesluit is. Eers toe dit duidelik was dat wet en orde nie behoorlik gehandhaaf kon word nie, is die distrik Kuruman in 1887 gestig. Nadat 'n resident-magistraat in 1887 op Kuruman aangestel is, was die administrateur van Brits-Betsjoeanaland tevrede dat rus en vrede sou heers en dat die Tswana lojaal sou wees. Dit was allermins die geval, soos die Langeberg-rebellie 'n dekade later bewys het.²⁹

Die regering het 'n dorp op Kuruman beplan sonder om hulle eie besluit van 1886 in ag te neem, naamlik dat die LSG se waterregte verskans is. Voorts kon die dorp nie ontwikkel word nie omdat die Britse minister van Kolonies, wat die LSG se besware as geldig beskou het, dit voorkom het. Deur self ook die besware van die LSG te oorskot, het dit byna tien jaar geneem voordat 'n dranklisensie op Kuruman deur die kroonkolonieregering toegeken is. Dit het uiteindelik talle petisies, vertoeë en persbetrokkenheid gekos om die regering te oorreed om hulle houding te verander, want anders sou die gebied nie vooruitgaan nie.³⁰


Om van Kuruman 'n suksesvolle nedersetting te maak, moes verseker word dat die dorp aanloklik sou wees vir veral die handelsektor en die boere in die omgewing wat Kuruman as dienstsentrum sou gebruik. Moontlik die belangrikste oorweging vir voornemende setlaars was dié van veiligheid. Afgesien van beskerming teen diefstal, roof en aanranding was die vrees vir Swart gewapende opstand altyd by die negentiende-eeuse kolonis aanwesig.³¹ Die owerheid kon nie daarin slaag om veiligheid te verseker nie. Afgesien daarvan dat polisiebeskerming in so 'n uitgestrekte gebied ontoreikend was, het die twee afdelings van die Betsjoeanalandse Grenspolisie wat wel in die distrik gestasioneer was veel te wense oorgelaat. Ongedissiplineerdheid, pligsversuim, onbetrokkenheid, oneerlikheid en losbandigheid (soos drunkskap, dobbelary en buite-egtelike verhoudings) het onder alle range hoogty gevier. Resident-magistraat Streatfeild het by geleentheid na die afdeling op Kuruman verwys as 'n "drunken brothel". Doeltreffende regsspraak is ook in 'n mate deur die owerheid verydel omdat alle vonnisne eers deur die administrateur bekratig moes word. Gevalle het voorgekom waar vonnisne ter syde gestel is, terwyl die administrateur glad nie met die omstandighede van die sake vertroud was nie.³² Dit het Blankes se vertroue verder geknou.

Ondeurdagte regeringoptrede teenoor die Tswana het veroorsaak dat daar van 1888 af feitlik onafgebroke sprake van Swart rebellie was. Die beslissings van die Brits-Betsjoeanalandse Grondkommisie wat die Tswana in afgebakende reservate gedwing het, die instelling van onder meer hut(1886) en wielbelasting (1894), 'n verbod op die verwydering van hout op kroongrond, 'n verbod op drankverkoop aan

Swartes en die oprigting van skutte het die Tswana vervreem. Hierdie onrus onder die Tswana het uiteindelik aanleiding gegee tot die Langeberg-rebellie van 1896-1897 waardeur die Tswana militêr onderwerp en van sowat 'n derde van hulle grond in die distrik Kuruman ontneem is. Rus en vrede het derhalwe eers ná hierdie opstand na die gebied teruggekeer en nedersetting sodoende aangemoedig.³³

'n Ander faktor wat Blankes afgeskrik het, was die hoë erfpaag (*quitrent*) in Brits-Betsjoeanaland, 'n marginale boerderygebied wat geteister is deur droogtes en veesiektes, en gevoglik hoë kapitaalbesteding genoodsaak het. Talle aansoeke om die verlaging van erfpaag is deur die kroonkolonieregering ontvang, maar dit is eers behoorlik ondersoek nadat Brits-Betsjoeanaland in 1895 by die Kaapkolonie ingelyf is. Verder het die kroonkolonieregering geen poging aangewend om vir water in die dorre landstreek te boor en boere op dié wyse te lok nie; ook dit is eers van 1896 af deur die Kaapse regering gedoen.³⁴

Goeie infrastruktuur het swaar geweeg by voornemende nedersetters wat meestal uit gevinstigde dele van Suid-Afrika gekom het. Eerstens het Brits-Betsjoeanaland nie oor behoorlike paaie beskik nie. Die distrik Kuruman het onder die afdelingsraad van Vryburg geressorteer. As gevolg van die geweldige groot gebied wat bedien moes word en gebreklike fondse, is in dié oopsig min gedoen sodat daar in 1892



Frank N. Streatfeild, eerste resident-magistraat en siviele kommissaris van Kuruman, 1887-1889.

FOTO: uit F.N. STREATFIELD, *Reminiscences of an old 'un* (Londen, 1911)

²⁸ TAB, LSG M1163, 52/1/A : Roger Price, Kuruman, 31.1.1895; 52/1/C: Minutes of Bechuanaland District Committee, Mafeking, 1.5.1895; 53/1/A: Roger Price, Kuruman, 10.1.1896; M1162 54/1/D : Minutes of Bechuanaland District Committee, Vryburg, 4-8.5.1897; U. LONG (red.), *The journals of Elizabeth Lees Price* (Londen, 1956), pp. 19 en 36; SMITH, *op. cit.*, pp. 337-343.

²⁹ C.5070-1887, p. 2; C.5363-1888, pp. 7 en 18. Kyk ook R. EDGECOMBE, Sir Alfred Milner and the Bechuana (Langeberg) Rebellion : a case study in Imperial-Colonial relations, 1897-1898, *Suid-Afrikaanse historiese joernaal* 11, November 1979, p. 58.

³⁰ Kyk voetnote 23-26 hierboven.

³¹ Vergelyk K. SHILLINGTON, *The colonisation of the southern Tswana 1870-1900* (Braamfontein, 1985), p. 230.

³² KAB, 1/KMN 10/17: Resident-magistraat — Waarnemende Administrateur, 7.11.1888; STREATFIELD, *op. cit.*, pp. 190-204.

³³ P.H.R. SNYMAN, Die Langeberg-rebellie en die totstandkoming van Olifantshoek, *Contree* 20, Julie 1986, pp. 17-25. Vir 'n beskrywing van die kolonisasie van die Tswana, kyk SHILLINGTON, *op. cit.*, hoofstukke 6-9.

³⁴ G.36-97 CAPE OF GOOD HOPE. DEPARTMENT OF AGRICULTURE, *Report of the inspector of water drills for the year 1896* (Kaapstad, 1897), pp. 25-27 (G. = Regeringspublikasie van die kolonie Kaap, die Goeie Hoop); *The Bechuanaland News*, 12.8.1893 en 9.3.1895.

net een geproklameerde pad in die Kurumanvallei was. Dit het egter deur die diep dam van die handelaar Willmore geloop wat dit feitlik onmoontlik gemaak het om met vee daar deur te trek. 'n Petisie vir 'n spoelbrug is aangekeur omdat dit nie as noodsaklik beskou is nie. Eers in 1894 is meer openbare paaie in die vallei geproklameer, uitspannings is aangewys en daar is begin om paaie te repareer.³⁵

Ook die posdiens was onbevredigend. 'n Regeringsposagentskap is reeds kort na anneksasie op Kuruman geopen. Pos is weekliks deur Swartes te voet van Taung af (sowat 140 kilometer) gedra. Omdat dit te tydrowend was, het 28 inwoners in 1886 vir 'n posdiens tussen Kuruman en Barkly-Wes gevra maar dit is geweier. Na etlike vertoe is die Swart voetposdraers eers met 'n diens te perd (1889) en in 1890 met 'n kar en perde vervang. Met die voltooiing van die spoorlyn tot op Vryburg in 1890 is die Taungdiens opgeskort en 'n weeklikse diens van Vryburg af ingestel.³⁶ Dit was egter so ongerekend en baie vertraag as gevolg van die swak paaie dat die volgende berigging by geleentheid na die vertrek van die poskar verskyn het:

In Memoriam

July 25th, KURUMAN POST CART departed this life on the above date. Funeral will take place at an early date. Friends please rejoice.³⁷

'n Beter pos- en telegraafbedeling het eers onder die bewind van die Kaapse regering na 1895 gevolg.

Die mense van Kuruman was aanvanklik ook van alle gesondheids- en mediese dienste verstoe en totdat die eerste distriksgenesheer in 1892 aangestel is, het die sendeling Roger Price die rol van dokter vervul. Voor 1896, toe dr. George Beare hom permanent op Kuruman gevëstig het, was die pos van distriksgenesheer soms lank vakant en is dokters slegs tydens epidemies na Kuruman gestuur. Omdat 'n dorpsbestuursraad nie ingestel kon word nie, was daar geen beheer oor sanitasie, oorbewoning, die drinkwaterbron en slag van diere nie. Boonop is die pos van hoofkonstabel (wat na die goeie orde in die dorp omgesien het) in 1897 afgeskaf en is dié funksie deur die polisie oorgeneem.³⁸ By die afwesigheid van 'n plaaslike owerheid en omdat die staat skaars voldoende fondse vir noodsaklike dienste gehad het, is die sosiaal-kulturele terrein heeltemal verwaarloos en aan die plaaslike inwoners oorgelaat. Reeds in 1890 is die Kuruman Circulating Library gestig, maar omdat die owerheid nie finansiële hulp kon verleen nie, het dit spoedig doodgeloop en in 1897 moes weer van voor af begin word. Ook vir sport en ontspanning is geen fasilitete geskep nie en die inwoners was op hulself aangewese. Tennis is reeds in 1892 op Kuruman gespeel, terwyl vermaak soos vuurwerkvertonings, konserte, danse en kersparty by geleentheid plaasgevind het. In 1897 is 'n Kuruman Athletic Club en 'n polisiesportklub gestig, maar dit het soos alle sosiaal-kulturele bedrywighede kortstondig bestaan.³⁹

Dit is dus duidelik dat die owerheid veral tydens kroonkoloniebewind sy plig in talle opsigte versuum het. Sodoende het hy in hoe mate tot Kuruman se agterlikheid bygedra. Terselfdertyd is private inisiatief, wat toe huis met die opkoms van die nuwe kapitalistiese stelsel sterk op die voorgrond getree het, gedemp.

Ekonomiese faktore

Sterk ekonomiese interaksie tussen Kuruman en sy onmiddellike hinterland asook die noordelike en noordwestelike binneland het reeds van vroeg af bestaan. As basis na die binneland het Kuruman dieselfde rol vir handelaars as vir sendelinge gespeel. Die eerste handelaar wat hom perma-



Tydens die Langeberg-rebellie is die geboue van die Moffat Instituut onder meer as militêre kwartiere, hospitaal en poskantoor gebruik. Hier vertrek die poskar na Vryburg, 1897.

FOTO: CAPE ILLUSTRATED MAGAZINE 10(2), 1899

nent op Kuruman gevëstig het, die Skot David Hume, het dit in 1838 op uitnodiging van Robert Moffat gedoen. Hy het na bewering tot sy vertrek in 1856 'n profyt van £10 000-£12 000 uit die handel met die binneland gemaak. Hume se handelsbelange is deur John Chapman oorgeneem en na sy dood in 1880 het Charles Willmore gevolg.⁴⁰ Sý nasate dryf vandag nog op Kuruman handel. Ongereeld ruilhandel met die binnelandse stamme is mettertyd vervang met 'n goed georganiseerde ivoor- en verehandel met die Tswana namate groot handelshuise van die Kaapkolonie hulle belang na Betsjoeanaland uitgebrei het. In 1865 het Alphonse Levy, 'n vennoot van die handelaars Mosenthal en Lilienfeld, 'n winkel op Kuruman geopen. Teen daardie tyd was vuurwapens die vernoomste betaalmiddel aan die Swartstamme en hoog in aanvraag; daarom het Levy in 1866 'n magasyn vir vuurwapens en ammunisie op Kuruman opgerig.⁴¹

Met die oopstelling van die Diamantvelde het die verkeerswaartepunt ooswaarts verskuif. Wild is as gevolg van die hoér markaanvraag teen die 1870's in so 'n mate uitgeroei dat olifante nie meer binne bereik van die Kurumanse handelsbasis was nie. Gevolglik het Kuruman se belangrikheid as handelsvoerpos afgeneem en was die winkel van Chapman en Willmore uiteindelik al wat oorgebly het. Hulle handelsbelange is trouens indirek beskerm deur die LSG wat aanvanklik heftig teen die aanlê van 'n dorp beswaar gemaak

³⁵ KAB, BCC 51 Inkommende korrespondensie, Kuruman : Petisie van 21 inwoners van Kuruman — Resident-magistraat, November 1892; British Bechuanaland Government Gazette, 17.8.1894 en 19.4.1895.

³⁶ C.4956-1887, pp. 101-102; KAB, BCC 120 Enclosures in despatches to the Imperial Secretary : Petisie van 28 mense — Administrateur, 27.5.1886; BCC 50 : Petisie van 28 inwoners — Resident-magistraat, 3.4.1888; 1/KMN 10/18 Brievenboek : Siviele Kommissaris — Posmeester-generaal, 23.6.1890 en 9.2.1892. Vir besonderhede oor posdienste in Betsjoeanaland voor anneksasie, kyk K. BAKER, *The early postal history of the Griqualands and the Bechuanaland* (Johannesburg, 1983).


³⁷ *The Bechuanaland News*, 29.7.1893.

³⁸ KAB, BCC 180 Drafts of despatches to Resident Magistrate, Kuruman : Sekretaris van die Administrateur — Resident-magistraat, 21.4.1892; 1/KMN 10/17 : Resident-magistraat — Sekretaris van die Administrateur, 14.3.1888; 1/KMN 10/22 Diverse Brievenboek : Resident-magistraat — Polisie, 3 en 10.12.1897.

³⁹ KAB, BCC 50 : Resident-magistraat — Sekretaris van die Administrateur, 8.7.1890 en 2.9.1891; Argief van die Koloniale Kantoor (CO) 3811 Brieve ontvang van Resident-magistraat, Kuruman : Resident-magistraat — Onder-koloniale Sekretaris, 26.3.1897; *The Bechuanaland News*, 23.1.1892, 5.1.1895, 25.9.1897 en 16.10.1897.

⁴⁰ SMIT, *op. cit.*, pp. 25-26. Smit meld dat John Chapman in 1842 die eerste handelaar op Kuruman was. Die sendeling-reisiger James Backhouse het David Hume egter reeds in 1839 op Kuruman aangetrof. Vergelyk J. BACKHOUSE, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa* (London, 1844), p. 462. Kyk ook SCHAPERA (red.), *op. cit.*, p. 124; C.4956-1887, pp. 66-67, en N. ROUILLARD (red.), *Matabele Thompson : an autobiography* (Bulawayo, 1977), pp. 238-239.

⁴¹ SHILLINGTON, *op. cit.*, pp. 23-25.



Kuruman was lank die basis vir handels- en jagtoggte na die binneland. Hierdie foto toon die opbrengs van 'n jagtogg omstreeks 1906 op E.H. Chapman (middel) se plaas Lambley.

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK (AG 5145)

het. Weens die groot afstand na ander markte was dit vir Blanke nedersetters belangrik dat daar by Kuruman handelaars moes wees wat veral plaaslike produkte aankoop. Michael Colley het eers in 1896 so 'n onderneming op Kuruman geopen en terselfdertyd die Chapmans en Willmores se monopolie beeindig. Regeringsoptrede het lank private handelsinisiatief gedemp. So is in 1897 berig dat talle handelaars gereed was om winkels op Kuruman te open maar dat daar toe selfs sprake was dat die dorp na 'n ander terrein verskuif kon word.⁴²

Afgesien van die handelsektor was 'n dorp op Kuruman van die steun van Blanke boere in die omgewing afhanklik. Die vestiging van boere is egter deur verskeie faktore aan bande gelê. Grondpryse in Brits-Betsjoeanaland het aanlokklik gelyk (sowat £0/1/6 per morg (0,86 hektaar) teenoor byvoorbeeld die £1/10/0 wat destyds in die Oranje-Vrystaat betaal is) maar sulke plase het nie oor water beskik nie en kon vir slegs £250 elk gekoop word. Daarenteen het plase waarop wel water was maklik £1 000 behaal. Verdere verbeterings het gewoonlik nog £1 000 gevverg wat deur min boere bekostig kon word. Boonop het die opvatting bestaan dat die beste grond in die distrik Kuruman in besit van die Tswana was. Verder was die boere van veeboerdery afhanklik omdat die lae reënval lonende akkerbou feitlik onmoontlik gemaak het. Boonop is die prys van beeste in hoë mate deur die Tswana bepaal in dié sin dat indien hulle sou begin om in ongunstige tye hul enorme beestroppe te verkoop, die markprys van beeste skerp sou daal. Arbeidsvoorsiening was ook onseker omdat boere nie dieselfde lone kon betaal as wat die Tswana op die Diamantvelde verdien het nie. Daar kan ook aangevoer word dat die boere wat op die oog af heel tevrede in afsondering en armoede geleef het⁴³ nie werklik daarin belanggestel het om 'n dorp te kry nie.

Die kans om destyds suksesvol in Betsjoeanaland te boer, was dus skraal. Dit word verder ondersteep deur 'n regeringsondersoek in 1899 wat bevind het dat die boere in die distrik Kuruman, op drie uitsonderings na, almal in armoede verkeer het. Sprinkaanplae, oorloë, ongediertes, langdurige

droogtesiklusse en talle veesiektes het hierin 'n deurslaggewende rol gespeel. Gedurende die tydperk 1895-1917 het die gebied elke vier jaar 'n groot droogte gehad, teenoor elke ses jaar in die res van Suid-Afrika. Die grootste verliese is nietemin as gevolg van veesiektes gely. Afgesien van byvoorbeeld longsiekte, miltsiekte en bek-en-klouseer wat sporadies in epidemies voorgekom en hoë vrektes veroorsaak het, was dit veral die endemiese lamsiekte waarteen boere destyds nog geen raad gehad het nie. Boonop het die verwoesting van die runderpes die distrik Kuruman in 1896 getref en verliese van tot meer as 90% onder beestroppe veroorsaak. Siektes soos runderpes en longsiekte het veroorsaak dat kwarantynmaatreëls lank op die distrik Kuruman van toepassing was, iets wat die vestiging van Blankes verder in die wiele gery het.⁴⁴ Gebeure op politieke en militêre terrein, soos die Langeberg-rebellie (1896-1897) en die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902), het vestiging bowendien tot stilstand gebring.

KURUMAN ONTWAAK, 1903-1913

Waar Kuruman byna twintig jaar lank feitlik geen vooruitgang getoon het nie, is die grondslag vir sneller ontwikkeling gedurende die eerste dekade na die Tweede Anglo-Boereoorlog gelê. Eerstens het die armoede wat in die 1890's deur droogtes en veesiektes teweeggebring is en deur die Tweede Anglo-Boereoorlog vererger is, op die lang termyn in die guns van Kurumandorp getel. Baie boere wat in daardie tyd

⁴² *The Bechuanaland News*, 28.8.1897 en 30.10.1897.

⁴³ F. MACNAB, *On veldt and farm in Bechuanaland, Cape Colony, the Transvaal, and Natal* (Londen, 1897), pp. 59-62, 69, 94 en 97-99; *Diamond Fields Advertiser*, 2.4.1897.

⁴⁴ G.67.99 CAPE OF GOOD HOPE, *Reports by the special commissioner appointed to inquire into the agricultural distress and land matters in the divisions of Herbert, Hay, Barkly West, Vryburg and Kimberley* (Kaapstad, 1899), pp. 8-13; *Cape of Good Hope Government Gazette*, 11.1.1898, p. 58; MACNAB, *op. cit.*, pp. 70-71.

uit die landbousektor gedwing is, moes noodgedwonge na die dorpe trek. Die vrugbare landbougrond in die Kurumanvallei en die Oog (wat agtien miljoen liter water per dag lewer) het 'n deurslaggewende rol gespeel om mense na Kuruman — tot 1913 die enigste stedelike nedersetting in die distrik — te lok. Mense met slegs 'n landbou-agtergrond kon dus wel 'n bestaan op 'n besproeiingserf maak. Nadat die onsekerheid oor die moontlike verskuiwing van die dorp na 'n ander terrein uit die weg geruim is, het die verkoop van erwe skerp gestyg — byna 30 is in die jare 1905-1908 van die hand gesit.⁴⁵ Die groot vraag na landbouhoewes het daar toe gelei dat 'n besproeiingskema later by Seodin aangelê is.



'n Gedeelte van die ontspanningsoord by Kuruman se Oog.

FOTO: P.H.R. SNYMAN

Bevolkingstoename in die distrik het ook 'n belangrike rol gespeel, veral omdat die behoefté aan 'n dienssentrum daardeur vergroot is. Eers is die sowat 80 plase wat na die Langeberg-rebellie in die gekonfiskeerde Tswanareservate opgetrek is, van 1898 af op gunstige voorwaardes vir bewoning beskikbaar gestel. Die bevolkingsgroei moet verder gesien word as deel van die natuurlike noordwaartse uitbreiding uit die Kaapkolonie. Teen die eeuwending was die voormalige kroonkolonie Griekwaland-Wes reeds so dig bevolk dat na die aangrensende Betsjoeanaland gekyk moes word. 'n Groot immigrasie van trekboere het gevvolglik kort na die oorlog na die distrik Kuruman plaasgevind. Daarby het ekonomiese faktore soos droogtes in ander landstreke 'n rol gespeel. Tydens die knellende droogte van 1907-1908 in Transvaal en die Oranje-Vrystaat het talle boere na die distrik Kuruman verhuis.⁴⁶

Voortspruitend uit die verslag van die *Lands Relief Board*⁴⁷ wat boerderytoestande in onder meer die distrik Kuruman in 1903 ondersoek het, is gunstiger voorwaardes vir nedersetting op kroongrond neergelê wat laer paaiemente en 'n langer betaaltyd beteken het. Die sink van boorgate en 'n ondersoek na sekere veesiektes is ook aanbeveel en deur die regering aanvaar. Met groter staatshulp aan die landbousektor oënskynlik verseker en deur doeltreffender bekamping van veesiektes, sprinkaanplae en ongediertes is vestiging verder aangehelp. Die kwarantynmaatreëls is ook mettertyd opgehef, terwyl Swart arbeid as gevolg van die lae lewensvatbaarheid van die reservate vryliker beskikbaar was. Bowenal was die gebied na die Langeberg-rebellie weer veilig en deur die regering se drastiese optrede (konfiskering van grond) en stasionering van meer polisie in die distrik is die gevaar van Swart opstand beperk.⁴⁸ Die opening van 'n botterfabriek op Vryburg in 1910 het suwelboerdery lonend gemaak en nog meer boere gelok. Dit het saamgeval met die oopstelling van meer plase deurdat die regering van 1909 af op groot skaal boorgate in die distrik begin sink het.⁴⁹

Die ondersoek van 1903 het ook aan die lig gebring dat verbetering van die infrastruktuur dringend nodig was. Reeds ten tyde van die Langeberg-rebellie is die telegraaflyn van Barkly-Wes na Kuruman verleng, terwyl die posdiens tussen Vryburg en Kuruman na twee keer per week uitgebred is. Toe 'n eie afdelingsraad in 1907 vir die distrik Kuruman ingestel is, het paaie ook mettertyd verbeter. Hoewel 'n plaaslike bestuursliggaam nog nie op Kuruman bestaan het nie, het die distriksgeneesheer in samewerking met die residentmagistraat en polisie beheer oor die watervoorraad en sanitasie uitgeoefen. 'n Betekenisvolle stap op gesondheidsgebied was egter die stigting van 'n hospitaalraad in 1912 en die oprigting van 'n staatsondersteunde hospitaal. In teenstelling met die vroeëre kroonkolonieregering het die meer simpatieke Kaapse regering ook tot die sosiaal-kulturele ontwikkeling begin bydra en in 1904 is 'n erf vir die biblioteek (wat in 1903 heropen is) geskenk.⁵⁰

Tussen 1903 en 1913 het die ekonomiese basis van Kuruman en omgewing verbreed en sedertdien 'n bepalende invloed op die vooruitgang van die dorp uitgeoefen. Delfstowwe is naamlik van 1908 af in die distrik ontdek en ontsluit; dit het verdere Blanke immigrasie teweeggebring

⁴⁵ U.G.49:23, *Finale Rapport van die Droogte Ondersoek Kommissie* (Pretoria, 1923), pp. 4-19 en 175-176 (U.G.=Regeringspublikasie van die Unie van Suid-Afrika); *The Agricultural Journal of the Cape of Good Hope*, Desember 1909, pp. 711-721; Aktekantoor Vryburg, Kuruman-erfregisters.

⁴⁶ Kyk veral KAB, 1/KMN 15/4-5 Dokumente betreffende grond; *The Agricultural Journal*, 1.7.1903, pp.8-9; SNYMAN, *Olifantshoek...*, pp. 23 en 27; SMIT, *op. cit.*, pp. 30-32. Die noordwaartse beweging van boere uit die Kaapkolonie word beskryf deur P.J. van der Merwe in *Trek : studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap* (Kaapstad, 1945) en *Pioniers van die Dorsland* (Kaapstad, 1949).

⁴⁷ G.20-1905 CAPE OF GOOD HOPE. LANDS RELIEF BOARD, *Sixth (final) report* (Kaapstad, 1905), pp. i-x, 182-191 en 242-244.

⁴⁸ Die beëindiging van die Langeberg-rebellie het 'n algemene gevoel van verligting gebring. Vergelyk *Diamond Fields Advertiser*, 5.8.1897.

⁴⁹ KAB, 1/KMN 8/4 Briefe ontvang: Aansoeke vir waterprospekteerlisensies en plase, 1909-1912. C.G. DENNISON, *History of Stellaland, previously Bechuanaland, now the district of Vryburg* (Vryburg, 1972), pp. 40-41.

⁵⁰ KAB, Argief van die Verdedigingsdepartement van die Kaapkolonie (DD) 1/282 Bechuanaland Rebellion, miscellaneous papers : Posmeester-generaal — Sekretaris van Verdediging, 10.4.1897, en Waarnemende posmeester-generaal — Assistent-tesourier, 13.5.1897; Argief van die Departement van Lande (LND) 1/907, Leërl 17192 Proposed erection of library buildings at Kuruman 1904; G. 39-1906 CAPE OF GOOD HOPE, *Report of the medical officer of health for the Colony*, 1905 (Kaapstad, 1906), p. 80; SMIT, *op. cit.*, pp. 168 en 173.

Die grasdakgeboutjie waarin die openbare biblioteek gevestig was, omstreeks 1903. Voor die deur sit G.M.H. Barrell, L.P.R.

FOTO: MOFFAT SENDING, KURUMAN





St. Mary's Anglikaanse kerk op Kuruman.

FOTO: P.H.R. SNYMAN

waarby die dorp gebaat het. Eers is 'n openbare diamantdelfwy in 1908 op die plaas Mahura Muthla geproklameer en omstreeks dieselfde tyd is begin om die omvangryke blouasbesneerslae (krosidoliet) in die Kurumanheuwels te ontgin. Asbesmynbou het gaandeweg stellig die belangrikste ontwikkelingsfaktor in die toekoms van Kuruman geword. Na die Tweede Anglo-Boereoorlog is die handelsektor ook vergroot. Afgesien daarvan dat meer sake-ondernehemings op die dorp geopen is, het al die Tswanareservate rondom Kuruman ook handelsfasiliteite gekry.⁵¹

Die gevolge van die bevolkingstoename vir die dorp word verder in die skool- en kerkontwikkeling weerspieël. In 1908 is onderwys op 'n permanente grondslag gevestig met die opening van 'n Engelsmedium A3-skool met vyftien leerlinge. Vyf jaar later het die leerlingtal reeds op 75 gestaan en kort daarna is sekondêre status aan die skool toegeken. Kuruman se Engelse bevolking het so gegroei dat die distrik in 1911 by die Church of the Province of South Africa se nuwe bisdom Kimberley en Kuruman ingesluit is. Twee jaar later is die aartsdekkenskap Betsjoeanaland gestig en vader G.M. Lawson is as aartsdeken op Kuruman aangestel. 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente met ongeveer 400 lidmate is reeds in 1909 in die distrik op die plaas Deben gestig. Die eerste leraar, ds. J.N. Geldenhuys, het van 1912 af op Kuruman gewoon waar 'n kerkgebou in 1914 opgerig is. Weens die groeiende lidmaattal (1 570 in 1913) is 'n gemeente met byna 500 lidmate in 1916 op Kuruman afgestig.⁵² Die totale Blanke bevolking van dié dorp het tewens van 104 in 1904 tot 126 in 1911 en 706 in 1921 toegeneem.

Binne die bestek van tien jaar het die gehuggie op Kuruman dus tot 'n dorp gegroei en kon uiteindelik sonder vrees vir afkeuring vir 'n dorpsbestuursraad aansoek gedoen word. Die Wet op Dorpsbesture is gevollerig ingevolge proklamasie 144 van 12 Junie 1913 op Kuruman van toepassing gemaak en H.J.C. de Jager (voorsitter), J.W. Johnson en J. Lord het in die eerste dorpsbestuursraad gedien. Hoewel dit byna 30 jaar geduur het om Kuruman tot dorpsbestuursgebied verklaar te kry, het munisipale status daarenteen binne drie jaar (in 1916) gevolg — die vinnigste van enige Noord-Kaaplandse dorp. Dit weerspieël die dinamiese ontwikkeling op ekonomiese gebied en die verbetering van plaaslike infrastruktuur sedert die eeuwisseling.⁵³

BESLUIT

Tans word die stigtingsdatum van Kuruman sonder meer as 1887 aanvaar. Tog moet in gedagte gehou word dat Kuruman eintlik langer as twintig jaar net 'n gehuggie was wat aansienlik van sy buurdorpe verskil het. Die vorige geslagte wat Kuruman se groeipyne beleef het, was egter deeglik bewus daarvan, soos opgeteken in 'n brosjure van 1929:

The town was planned in 1888, and the first settlement of the district took place shortly after the Anglo-Boer War, but it was not until some ten years later that steady growth commenced.⁵⁴

Kuruman vier vanjaar sy eeufees en is deesdae nie slegs een van die grootste dorpe in Noord-Kaapland nie, maar ook hoofdorp van ontwikkelingstreek 18, grensnywerheid vir Bophuthatswana en dienssentrum vir die landbou- en mynbousektor.

'n Studie van dorpstigting in Noord-Kaapland bewys opnuut dat geen algemeen geldende norm vir dorpstigting in Suid-Afrika neergelê kan word nie. Die aanvaarding van 'n stigtingsdatum bly dus in hoë mate die prerogatief van die plaaslike owerheid en inwoners. Moontlik sal die toepassing van kennis en tegnieke van buurdissiplines soos nedersettingsgeografie wat met betrekking tot dorpe onder meer van stedelike klassifiseringstegnieke⁵⁵ gebruik maak, in die toekoms kan help om dorpstigting ook in historiese konteks te belig.❶

⁵¹ KAB, 1/KMN 15/6 Huurpagregister; *Kuruman Bulletin*, 4 en 18.4.1964; SMIT, *op. cit.*, pp. 174-176.

⁵² *Diocese of Kimberley and Kuruman. Golden Jubilee 1911-1961* (Kimberley, s.j., ca. 1961), p. 35; SMIT, *op. cit.*, pp. 35-43 en 147-148.

⁵³ Munisipaliteit Kuruman, Dorpsbestuursraadsnotuleboek : Notule van vergaderings, 11.8.1913, 7.1.1914, 13.5.1914, 3.5.1916 en 29.5.1916.

⁵⁴ Kyk brosjure *Kuruman, Cape Province, South Africa* (Kaapstad, 1929), p. 15.

⁵⁵ Vergelyk I.J. VAN DER MERWE, *Die stad en sy omgewing: inleiding tot nedersettingsgeografie* (Stellenbosch, 1983), p. 66 e.v.